Bettysbaai Buurtwag

Noodnommer: 072 015 5729
Sameroeper 0829281260
E-posadres:bbaynhw16@gmail.com

BBBW INFOBULLETIN 3 VAN 2020

Geagte Lede

INLEIDING

1. Ek wil u graag gerusstel dat dit goed gaan met u buurtwag. Ons was nooit rustend nie en is ook nie nou onaktief nie.

C 19

2. Ja, C 19 het ons 'n bietjie wakkergeskud en ons moes aanpas, van taktiek verander, en verseker dat alles moontlik en beskikbaar aangewend kon word vir ons veiligheid. Die 60-jaar ouderdomsbeperking het ons onverwags getref, maar het ons nie platgeslaan nie. Ons het onmiddellik besef dat patrollering problematies sou word, sowel as die reaksie op nood- en misdaadaanmeldings.

ONS OPLOSSING

3. Ons het ASK, BOLT, CULIVE en Sandown Bay genader om hulp. Sonder enige aarseling het elke sekuriteitsmaatskappy-eienaar, -bestuurder en -operateur hul waardevolle hulpbronne tot ons beskikking gestel. Dit het beteken dat BBBW-patrollering gestaak kon word gedurende C 19 en dat die sekuriteitsmaatskappye sou reageer op elke oproep wat ons aan hulle deurstuur. Hulle het dit dan ook gedoen en hulle sit die aksie voort.

OOREENKOMS

4. Ons het ooreengekom om met hierdie beste praktyk voort te gaan. Ons het ons radio's aan hulle uitgereik ten einde snags met mekaar te kan kommunikeer. Die huidige radio's is egter ontoereikend vir ons doeleindes. As gevolg van hierdie probleem het ons besluit om selfoonradio's aan te koop om die kommunikasieprobleem op te los. Die radio's word gedurende die eerste week van September verwag – 'n lentegeskenk. Baie dankie weer eens vir u skenkings.

SEKURITEITSMAATSKAPPYE BEDIEN DIE GEMEENSKAP

5. Die sekuriteitsmaatskappye het bewys dat hulle, soos ons, die welsyn van die Bettysbaai-gemeenskap op die hart dra. Hulle vorm nou in werklikheid die BBBW gewapende reaksie-span. Hulle is altyd in die nabyheid, en is behoorlik opgelei om indringers en misdaad baie meer professioneel en doeltreffend te hanteer as ons. Ek is dus baie dankbaar om hulle samewerking te hê. Hulle sal reageer op enige noodgeval wat ons aan hulle rapporteer oor die nuwe radionetwerk, ongeag van wie dit is. Wanneer iemand hul noodgeval telefonies rapporteer aan die BBBW Kommunikasiesentrum (BBBW KomSen), sal die gewapende reaksiemag van die sekuriteitsmaatskappye reageer, en ons sal opvolg ter ondersteuning en ook aandag skenk aan enige ander behoeftes wat u mag hê. Hierdie ekstra diens en vennootskap om ons te help, word gratis voorsien, bykomstig tot hulle normale dienslewering.

INLIGTING RAKENDE OPERASIES

6. Ons het ooreengekom om elke aand van 20:00 tot soggens 08:00 met die sekuriteitsmaatskappye in verbinding te wees. BBBW is gereed om gevalle te hanteer gedurende die dag, alhoewel ons die maatskappye ook gedurende die dag mag kontak. Ons kan hulle maar net hartlik bedank.

PATROLLIES

7. U het dalk al opgelet dat ek in Bettysbaai rondry en my BBBW-kenteken trots vertoon, aangebring op die kant van my motor. Ek is nog nie 60 jaar oud nie en mag aandag skenk aan enige behoeftes wat u mag hê. My rondryery is hoegenaamd nie ‘n patrollie nie, soos wat sommiges mag glo. Ek versoek ook nie aktiewe lede van die BBBW om my te help nie tensy dit absoluut noodsaaklik is, en verseker nie die bo-60s-groep nie. Wees verseker ons is hier vir u soos per mandaat verkry van u tydens die laaste algemene jaarvergadering.

BETER GESTRUKTUREERD

8. Te danke aan ons nuwe vennootskap met die sekuriteitsmaatskappye is ons nou beter toegerus om almal in Bettysbaai veiliger te hou as ooit voorheen.

STRUKTUUR

9. Ons het ‘n uitvoerende komitee van vier lede (admin, strategie, finansies, veiligheidsinlig: toevoer en data). Ons het 15 aktiewe lede, 7 van wie onder ouderdom 60 en wat dus mag patrolleer en hul vrywillige pligte uitvoer soos gewoonlik. Die 8 aktiewe lede bo ouderdom 60 sal as passiewe lede herklassifiseer word. Die uitvoerende lede sal egter aanbly as administrateurs. Twee van ons uitvoerende lede is bo sestig en twee onder sestig. Ons het 700 geregistreerde lede met steeds stygende lidmaatskap. Die meer as 60 bo-sestigers sal hierby toegevoeg word. Ek bedank graag almal van u vir u hulp, raad, ondersteuning en bydraes. U as passiewe lede maak die BBBW suksesvol via al die aanmeldings wat ons ontvang (oë en ore). Baie dankie, en doen so voort.

UITNODIGING

10. Ek nooi graag al die jong luiperds, manlik en vroulik, om by ons groep vrywilligers aan te sluit om misdaad te beveg. Want glo my – toestande raak nie makliker nie en amptelike ondersteuning is dikwels problematies.

KOMSEN

11. Skakel die BBBW kommunikasiesentrum by 0720155729 of skakel my direk by 0829281260 om u noodgeval of ‘n aan-die-gang misdaad aan te meld. Om stropery aan te meld, gebruik asb die bestaande whatsapp-groepe met u foto’s en beskrywing. U kan my ook privaat whatsapp aangaande stropery.

Ons is een gemeenskap en moet verenig onder een sambreel met een stem om doeltreffend te wees, en ons probeer om juis dit te doen. Diegene wat geen ondersteuning bied of belangstelling toon nie, sal steeds deur ons beskerm word.

GROEPPLATFORM EN STRAATNOMMERS

12. Ek sou graag wou hê dat ons almal oorgaan na telegram en wegbeweeg van whatsapp. Dit sal die BBBW en sekuriteitsmaatskappye help as elkeen van ons ‘n straatnommer op die mure van ons eiendomme vertoon. Ek is bewus van die verandering van nommers in Diastellastraat en een of twee ander plekke in Bettysbaai – ‘n maklik oplossing.

GRONDBESETTINGS

13. Hierdie is ‘n belangrike en dringende saak. As enigiemand bewus raak van ‘n struktuur wat opgeslaan word op ‘n erf, stuk grond of in ‘n agterplaas, stel ons asb onmiddellik in kennis. Dit sal as ’n noodgeval beskou word. Ons sal dan duidelikheid verkry en die betrokke owerhede inlig.

14. Die BBBW onder die sambreel en leiding van die GPF en in vennootskap met ASK, BOLT, CULIVE en Sandown Bay beoog om te groei en ‘n veiliger gemeenskap te skep.

Wees rustig en bly veilig.



Wayne Jackson

0829281260
wayrayjack@gmail.com

STRUKTUUR